'n Woord onderweg

Om nou die goeie te doen

Vra jy wat God van ons in hierdie tyd verwag, sal jy waarskynlik die dikwels herhalende boodskap van die Bybel kry: "Doen goed!"

'n Sprekende voorbeeld daarvan is die verhaal van 'n klein Swazilandse gemeente, Shiselweni, en hul dominee, Arnau van Wyngaard.

■ 'n Eerste kenmerk van die gemeente is dat hulle die lydende mense met deernis bly raaksien het, al is byvoorbeeld vigslyers vroeër weggesteek. Dié deernisvolle optrede kry 'n mens ook in die Bybel, soos by Amos. Hy het agter die dorpshowe se skerms ingekyk om te sien hoe magtelose weduwees verontreg is.

■ 'n Tweede kenmerk om die goeie te kan doen is om kundigheid te hê. Gelowiges wat net passievol by 'n noodsituasie instorm, doen dikwels meer kwaad as goed. Amos se deeglike inligting oor Assirië se imperialisme weerhou hom van goedkoop troos.

In sy omstandighede het Van Wyngaard deeglike kennis opgedoen oor die vigspandemie se verloop en die menslike neiging om probleme te wil ontken. Later het Shiselweni se model van tuisversorging deur vrywilligers verskeie internasionale toekennings ontvang.

■ 'n Derde kenmerk is dat goed doen geïnspireer word deur geloof wat ernstig oor God is. Vir Amos is God nie 'n volksgod wat deur vormgodsdiens gemanipuleer kan word nie.

In Nederland beleef Van Wyngaard 'n boodskap van God. Hy sien hoe lidmate van 'n gemeente 'n verstandelik vertraagde man met gasvryheid by 'n ete vir internasionale leiersfigure ontvang: "Op daardie oomblik besef ek dat as Jesus nou op aarde was, Hy presies dieselfde sou gedoen het."

Enkele maande ná hierdie lewensveranderende oomblik was Van Wyngaard verstom deur die arm gemeente se positiewe reaksie toe hy hulle vra: "Is julle bereid om Christus se hande en voete vir Swaziland se vigslyers te word?"

– André van Niekerk

Uit die Woord: "*Probeer goed doen, nie verkeerd nie, dat julle kan lewe! Dan sal die Here die almagtige God so by julle wees soos julle sê dat Hy is.*" – Amos 5:14